

6 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-3; 1 Johannes 1

Fokusgedeelte: Genesis 1:3; 1 Johannes 1:5

Die ware gelukkiges

Ek kan myself nie 'n mens indink wat nie gelukkig wil wees nie. Die meeste van ons heg waarskynlik geluk en voorspoed aan mekaar – goeie gesondheid, goeie finansies. Daarom gedy die voorspoedskerke.

Ons Here Jesus praat egter ook oor dinge wat gelukkig maak. Gelukkig is dié wat afhanklik van God is, gelukkig is dié wat treur, gelukkig is die sagmoediges (Matt. 5:3 ev.). Jesus praat natuurlik nie lukraak oor geluk nie, Hy praat vanuit een van die hooftemas van die Ou Testament: “Gelukkig is die man wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan nie, nie met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die Woord van die Here sy vreugde vind” (Ps. 1).

Die mens soek geluk en die Bybel gee raad oor hoe om geluk te vind, ja, maar juis omdat die mens se geluk reeds by die skepping in duie gestort het, is raad nodig. Wanneer Genesis 1:3 noem dat God lig geskep het, dan bring dit sy almag na vore: Hy skep in ses dae. Genesis 1:3 bring egter ook God se karakter na vore: God kan lig skep omdat Hy lig is. *God is lig* beteken dat Hy volmaak in sy karakter is, sonder sonde.

Die apostel Johannes wil ons in sy brief leer wat ware geluk is, maar juis dít is die probleem: God se volmaakte, sondelose karakter staan in kontras tot die mens se sondige karakter (Gen. 3). God en die kroon van sy skepping kan nie meer by mekaar kuier nie. Lig en donker kan nie meng nie. Dit is die sonde en ellende van die mens, ons het donker, ongelukkige mense geword. Die geluk en blydschap kan egter weer terugkom, nie deur geld en goed en voorspoed nie, maar deur gemeenskap met God (1 Joh. 1:3, 4).

U sal waarskynlik hierdie jaar op een of ander wyse teëspoed beleef. Wanneer u egter deur 'n ware geloof by Jesus ingelyf is, dan kan u dit, afhanklik van God, te bowe kom en blydschap en geluk smaak, ongeag u omstandighede.

Sing: Psalm 33:5, 7, 8 (Totius)

Ds. JL Aucamp (Kempton Park-Mooifontein)